Die Hoërskool Wagpos

012 072 2733
ontvangs@wagposhs.co.za
Privaatsak X5005 Brits 0250
www.wagposhs.co.za
Emis: 600100510

31 OKTOBER 2023

Geagte Ouers/Voogde

SKOOL- EN KOSHUISGELDE : 2024

Hiermee stel ons u in kennis rakende die algemene jaarvergadering wat **Maandag, 30 Oktober 2023** plaasgevind het, waartydens ons begroting vir 2024 goedgekeur is.

Aangeheg die skool- en koshuisgelde vir 2024.

Vriendelike Wagposgroete

A L JOUBERT
HOOF

Trots Wagpos

SKOOL- EN KOSHUISGELDE 2024

SKOOLGELD 2024

Skool:	**R 27 830 per jaar**
Afbetalingsopsie:	**R 2 530 oor 11 maande** Skoolfonds is streng vooruitbetaalbaar op 1 Januarie 2024. Skoolfonds kan wel afbetaal word in 11 gelyke paaiemente, wat sal begin op 1 Januarie 2024 en eindig op 1 November 2024. **Let wel**: Eerste paaiement is verpligtend en daar sal geen afbetalingsreëling daarvoor aanvaar word nie.
Eenmalige betaling:	Indien betaling voor 28 Februarie 2024 geskied, word 'n korting van **R 1 948** toegestaan en beloop die bedrag R 25 882. *Indien 'n leerder die skool verlaat gedurende die jaar, sal die volle korting verbeur word.*
Prestasiekorting:	Leerders met 'n jaargemiddeld (promosie punt) tussen 80%-89% kwalifiseer vir 5% R 1392 korting van skoolgeld en leerders met 'n jaargemiddeld tussen 90%-100% kwalifiseer vir 10% R 2783 korting van skoolgeld. Doen amptelik aansoek by finansies@wagposhs.co.za voor of op 28 Februarie 2024. Stuur asb die leerder se rapport saam met die aansoek. Nuwe leerders kwalifiseer nie vir die korting nie. Slegs 4de kwartaal rapport van Wagpos sal aanvaar word (promosie punt). **Let wel:** U moet skriftelik aansoek doen vir die korting, dit sal nie outomaties aangepas word nie.

KOSHUISGELD 2024

Koshuis:	**R 36 960 per jaar**
Maandeliks:	**R 3 360 oor 11 maande** Koshuisgeld is streng vooruitbetaalbaar op 1 Januarie 2024. Koshuisgeld kan wel afbetaal word in 11 gelyke paaiement, wat sal begin op 1 Januarie 2024 en eindig op 1 November 2024.
Koshuisadministrasie:	Alle leerders betaal jaarliks 'n administrasiefooi van **R 500**, betaalbaar voor 31 Januarie 2024. Administrasiefooi is nie terugbetaalbaar nie. 1Kalender maand kennis moet gegee word indien leerder koshuis verlaat deur die jaar

SKOOL-EN KOSHUISGELD 2024

Gesamentlik:	**R 64 790 per jaar**
Maandeliks:	**R 5 890 oor 11 maande**
Eenmalige betaling:	Indien betaling voor 28 Februarie 2024 geskied, word 'n korting van **R 1 948** toegestaan op skoolgeld en beloop die bedrag R 62 842 + R 500 = R 63 342. GEEN korting word toegestaan op koshuisgelde nie. Jaarlikse koshuisadministrasiefooi van **R 500** per leerder, betaalbaar voor 31 Januarie 2024.

BANKBESONDERHEDE (GEBRUIK ASB. DIE REGTE VERWYSING)

Bankbesonderhede:	**Die Hoërskool Wagpos,** **FNB, Takkode: 260 146** **Rek: 620 595 35 991,**
Verwysing:	Familiekode EN Van
Navrae:	**finansies@wagposhs.co.za**

Baie dankie vir elke ouer se volgehoue ondersteuning met die betaling van skool- en koshuisgelde.

Trots Wagpos